Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Handelinge van die 3de Konsilie van die Geloftevolk van Suid-Afrika.

3-6 April 2015 te Vegkop Slagveld Terrein [Heilbron / Lindley].

Die Susterskerke, die Apostoliese Geloofsending (AGS), Solidariteit, Agri SA en ander het hul onttrek aan samesprekings met die ANC weens die morele ineenstorting van die RSA regering. Dit is baie betekenisvol, veral gesien in die lig van die kerke en ander organisasies se aanvanklike onvoorwaardelike bevordering van die Nuwe Suid-Afrika. Die ware kleure van veelvolkige demokrasie breek uiteindelik deur, maar ten koste van duisende blankes wat deur veral swartes wreedaardig vermoor, beroof, verkrag, verarm, verjaag en verneder is en word gedurende die afgelope 21 jaar.

Wat bitter jammer is, is dat Nelus Niemandt, die algemene moderator van die NG Kerk, homself moreel binne ANC geselskap bevind deur die RSA grondwet hoër te ag as die Bybel. Daardeur trek hy 'n streep deur sy kerk se sin vir moraliteit. Volgens 1Kor.6:10 dwaal Niemandt as ampsdraer van die NG Kerk met sy pleidooi: *'Gooi NG Kerk óóp vir gays'*. Volgens die apostel Paulus sal sodomiete nie die koninkryk van die hemele beërwe nie. Luk.16:28-30 meld dat dit weer sal wees soos in die dae van Lot, toe Sodom met vuur verwoes is weens sodomie. Nou dek Nelus Niemandt se pleidooi die tafel vir die grimmigheid van ons hemelse Vader deur te wandel in die weë van Asa wat prostitusie en sodomie geakkomodeer het – 1Kon.22:46. Niemandt tart die Almagtige God van hemel en aarde!

Voeg hierby die snedige aanmerkings teenoor die "settler" Jan van Riebeeck, by monde van pres. Zuma en sy "sangoma-tipe" lofsanger gedurende die ANC feesvieringe in Kaapstad vroeër die jaar toe die gees van Van Riebeeck deur die sangoma *'uitgedryf'* is, en jy het 'n blik in die siel van die Nuwe Suid-Afrika.

Om die vervalle toestand waarin ons as volk ons tans bevind te beredder, roep die Geloftevolk Koördineringskomitee [GKK] jaarliks onderskeidelik 'n Volksvergadering en Konsilie byeen waartydens eietydse vraagstukke binne die volk aangespreek word.

Hierdie skrywe handel oor die afgelope konsilie waartydens Godsdienstige sake bespreek is waaronder welke sabbat die korrekte is, 'n saak wat reeds tydens verlede jaar se konsilie ter tafel gelê is, en 'n onderwerp is wat verdelend inwerk op die lewe van Bybelgelowiges.

Die volgende referate is tydens die afgelope Konsilie gelewer. Opsommings van elke referaat is hieronder geplaas. DVD-opnames is van die aanbiedings gedoen en kan bestel word by vrkomitee@gmail.com. Die referate is beskikbaar op www.volksvergadering.co.za

1. Die beliggaming van die Messias in die toekomstige teokratiese bestel vir die Geloftevolk. - Dr. Jann Schelbusch

2. Ontleding van Godsdienstige Charisma. - Johan Erasmus

3. Kalenders sedert die vroegste Bybelse tye. - Johan Erasmus

4. Die oorsprong van huidige name van die week – die Planitêre week. – Phillip Groenenstein

5. Die Henog Kalender. – Dolph Buhrman

6. Skriftuurlike begronding van Saterdag as rusdag. - Dr. Ernie Rex

7. Skriftuurlike begronding van Sondag as rusdag. - Dr. Gideon Grobler

8. Die kalender volgens Gen.1:14-18. - Flip Swanepoel

9. Die Van Riebeeck Gelofte - Dr. Ronnie van der Merwe

OPSOMMINGS

1. **Die beliggaming van die Messias in die toekomstige teokratiese bestel vir die Geloftevolk.** - Dr. Jann Schlebusch beantwoord die vraag hoe die liggaam van Christus waarvan 1 Kor. 12:12 praat, in 'n Godvrugtige volk vergestalt moet word?

   1. God se skeppingsorde bepaal dat daar gesagstrukture en hiërargie moet wees. As mense egter nie aan Sy gesag onderwerp nie, is daar altyd 'n magstryd. Hy gee dan ook duidelike riglyne hoe 'n Godvererende volkshuishouding moet funksioneer.

   2. Met die onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk, word dit duidelik dat die liggaam van ons gesalfde Koning enersyds uit alle ware gelowiges in alle volke bestaan (onsigbaar), en andersyds word Sy liggaam prakties vergestalt binne volksverband (sigbaar). Die volk is dan ook die draer van die verbond van God. Dit is duidelik uit die Ou Testament; uit die vroeë kerk; en uit die kerk na die hervorming. Dit is eers na die vernietigende Franse Rewolusie wat Satan en sy Liberalistiese dienaars daarin kon slaag om God se verbondsboublokke af te breek, nl. die gesin, die familie en die volk.

   3. Die gesin is die basiese boublok van die verbond. Die vader moet sy priesterskap in gehoorsaamheid aan God uitoefen. Die moeder moet 'n Godvererende tuiste vir haar gesin skep. Huisgodsdiens is die spil waarom die gesin draai.

   4. Die familie het belangrike funksies in die verbond vervul. Dit is egter deur die Liberaliste afgebreek en ons sal moet kyk na alternatiewe – soos die gemeente – om hierdie funksies te vervul.

5. Die volk is die hoofbehoueringsisteem van die verbond en alle samelewingsverbande, soos die staat en die kerk, sowel as die onderwys; die ekonomie; kuns; die media; ens., funksioneer binne volksverband.
'n Godvresende volk moet:

- ons Vader eendragtig in Gees en in Waarheid dien;
- ons Verlosser met dankbaarheid en vreugde dien;
- ons verlustig in Sy Wet – en mekaar leer en vermaan;
- sigbaar sy dankbaarheid en vreugde toon – ook in sang en lied;
- aan Hom die eer gee soos ons ook in ons Geloftes onderneem het;
- die kwaad uitroei onder ons volk;
- eensgesind wees.

Dit lyk vir ons nou menslik onmoontlik, maar by ons God is alles moontlik.

5.1 Onderwys moet 'n verlengstuk van die ouerhuis wees.

5.2 Sport mag nie ons jongmense so opeis nie. Dit mag nie inbreuk maak op die belangriker aktiwiteite van die gesinslewe nie.

5.3 Die Gemeenskap van die gelowiges (kerk / gemeente)
Die tempeldiens is deur God self ingestel in die Ou Testament en bevestig in die Nuwe Testament. Die primêre funksies van die kerk en die gemeente is om:-

- Die Woord suiwer te verkondig;
- Die sakramente suiwer te bedien;
- Volksgenote, sowel as samelewingsverbande (soos die staat) te vermaan en te bestraf waar van die wet van God afgewyk word.
- Volksgenote, sowel as samelewingsverbande (soos die staat) te ondersteun in beproewing en hulle geloof te versterk.

5.4 Ook die staat is deur God ingestel in die Ou Testament en bevestig in die Nuwe Testament. Die moderne staat het 'n monsteragtige goddelike gesag geword wat op byna alle lewensterreine aan die burgers voorskryf. Dit is heeltemal onbybels. Die Bybelse staat se gesag en verantwoordelikheid is beperk tot die:-

- beskerming van die volk teen aggressie van buite:
- beskerming van die volk teen vreemde (valse) Godsdiens;
- positivering en toepassing van God se wet:

Die staat moet dus burgerlike wette maak wat gerig is op die funksionering van die liggaam van Christus.

5.5 Mammon (Materialisme) het ook een van ons volk se belangrikste afgode geword. Ons volk moet leer om op God te vertrou, en nie op materiële vermoë nie. Ook ons arbeidsverhoudinge en werksetiek moet op die Bybel geskoei wees – en nie op wetgewing en vakbonde nie.
Die aarde behoort aan JHWH en die volheid daarvan. Dit moet ons beskouing wees en Sy wette moet ons eiendomsreg reël. Ons is net Sy rentmeesters.

5.6 Kuns en joernalistiek moet Godverering en opbouend wees.

6. Die vorige pogings om die liggaam van Christus te laat vergestalt in Godverering volkshuishoudings het almal skipbreuk gely as gevolg van stelselmatige afvalligheid, wat uiteindelik uitgeloop het op louheid; selfverheerliking;

vermenging met ongelowiges, ens. Satan het elke keer daarin geslaag om die Godsvolke te verlei. Dit was die geval met Israel; en met die volke van die Middeleeue; en met die volke na die hervorming; en ook met ons eie volk. Ons sal voortdurend moet waak en bid. Ons mag nooit “arriveer” en op ons louere rus nie. Die stryd duur voort.

2. **Ontleding van Godsdienstige Charisma.**
   Johan Erasmus gee 'n oorsig oor die verskillende definisies van Charisma. (James Strong se Konkordansie, Grieks, Roomskatoliek en Modern.) Dit is duidelik hoe die betekenis van die woord “Charisma” verander het deur die eeue. Die Griekse woord “Charisma” is vertaal na Afrikaans met die woord “Genadegawes”. Die antieke begrip het gehandel rondom gawes wat die Skepper skenk in Sy genade aan die wat Hy verkies. Hy werk dan met Sy krag deur daardie begenadigde diensknegte wanneer die gawes binne Sy wil uitgeleef word. Daar bestaan mense wat die gawes nie ontvang het nie, maar dit wil uitleef. Hulle maak die gawes kunsmatig na, en mislei so baie mense. Vandag kan “Charismatiese-Leierskap” ontwikkel word deur kursusse, studie en oefening. Volksgenote word versoek om te onderskei.

   Verdere ondersoek na die diepere aspekte van die onderwerp duur voort. Die gebruikmaking van Godsdienstige musiek en danse deur Charismatiese leiers sal spesifiek ondersoek word, en die invloed daarvan op ons volk.

3. **Kalenders sedert die vroegste Bybelse tye.**
   Johan Erasmus gee 'n oorsig oor die verskillende kalenders waarmee die diensknegte van die Skepper die afgelope 6000 jaar in aanraking was. Daar is uitgewys dat verskillende kalenders vermeld word in die Bybel, wat op ‘n 4000 jaar geskiedenis tydlyn weergegee kan word. Daar is ook kalenders wat in daardie 4000 jaar gefunksioneer het wat in buite Bybelse boeke vermeld word, asook in die Argeologie en ander Geskiedenisbronne.

   ‘n Beroep word gedoen op volksgenote om deeglike onderskeid te tref oor die presiese tydstip in die geskiedenis waar die spesifieke inligting van toepassing is wanneer kalenderstudies gedoen word, sodat feite slegs binne konteks aangehaal word.

4. **Oorsprong van huidige name van die week – die Planitêre week** - Phillip Groenenstein behandel vrae soos: Waar kom die spesifieke orde van die dae van die hedendaagse week vandaan? Wat was die gevolge van die instelling daarvan?

   Die oorsprong van die hedendaagse benaming van die dae van die week kan teruggevoer word na die Chaldeërs wat bekend was vir hulle kennis van die sterredom, waaruit die sogenaamde “Chaldese Orde” voortgevloei het.

   Hierdie “Orde” waaruit die dae van die week voortspruit is gegrond op sommige planete, hul bane en die mitologie daaraan verbonde. Die “Orde” verwys kronologies na Saturnus [1], gevolg deur Jupiter [2], Mars [3], Son [4], Venus [5], Mercurius [6] en Maan [7]. Sewe in totaal.

Aanvanklik was ‘n kalenderdag net in 2 dele verdeel nl. dag en nag - Gen.1. Dit was onder andere die Chaldeërs en Babiloniërs wat oor die tyd heen die dag in al hoe meer dele verdeel het tot hulle by die punt gekom het waar hulle by 12 ure met 60 gelyke indelings uitgekom het. Hulle uur was egter nie presies so lank soos vandag sin nie, maar eerder ‘n 12de van die dag of nag. Dus het ‘n uur in hul tyd van lengte gewissel, nie net tussen dag en nag nie, maar ook tussen dae, afhangende van waar in die seisoen mens staan. Die ure van die dag en nag was dan gelyk tydens die ewenings.

Die Chaldeërs het ‘n kalender bewerkstellig waarvolgens elke god/planeet ‘n uur kry waarin hy/sy die meeste invloed sou hê. Dit was gekoppel aan die volgorde van genoemde planete. Die huidige week het begin met ‘n dagbreek waartydens Saturnus op sy sterkste sou wees vir ‘n uur en waarop die ander planete in die spesifieke volgorde hul mag uurliks uitgeoefen het. Na 21 uur is drie siklusse van 7 ure voltooi, maar die dag moes nog 3 ure duur om 24 ure vol te maak. Volgens hulle orde het die 22ste uur logies aan Saturnus behoort, die 23ste uur aan Jupiter en die 24ste uur aan Mars en die eerste dag van die week was aan sy einde waarna die son opgekom het en die tweede dag in aanvang geneem het en vernoem is na die volgende planeet volgens die orde, nl. Son. Die eerste dag was Saturnusdag, die 2de was Sondag, ens. Nadat die 7 gode/planete elk n beurt gekry het om ‘n dag te begin met sonop, was die eerste week verby en was Saturnus mooi netjies in plek om met dagbreek die volgende week te begin. Hierdie siklus van 7 dae het dan sedertdien ononderbroke voortgeduur.

Sodoende is die dag vernoem na die planeet wat daardie dag “geopen” het en is dit vandag nog die geval. Die Chaldeërs het geglo dat wanneer dit die beurt was van ‘n bepaalde god om die dag te open, daardie god op sy sterkste was in daardie openingsuur. Dit was dan ook volgens hulle die beste tyd om versoeke d.m.v. rituele aan so ‘n god op te dra. So word Saterdag na Saturnus vernoem wat daardie dag geopen het, Sondag aan Son, Maandag aan Maan, Dinsdag aan Mars, Woensdag aan Merqurius, Donderdag aan Jupiter en Vrydag aan Venus. Hierdie is die oorsprong van die hedendaagse ononderbroke siklus van sewe dae.

Opsommend is die 24-uursiklus daagliks herhaal waarbinne die planitêre

7-uursiklus plaasgevind het. ‘n Dag het uit 3,42857 siklusse van 7 uur bestaan en na 7 dae was die totale aantal siklusse 24 en was Saturnus weer voor in die ry om die volgende dag en week te open. In die Chaldeërse Orde loop hierdie 7-uursiklus onoderbroke voort van die begin van hul eerste week tot vandag toe.

Wat belangrik is om op te let is dat hoe meer hulle die sterre bestudeer het hoe duideliker het dit vir hulle geword dat die tradisionele maankalenders wat oor die wêreld heen gehandhaaf was tot op daardie tydstip, dit haas onmoontlik gemaak het om sterrekundige voorspellings te maak. Die probleem was dat die bestaande maankalenders wat in gebruik was, bestaan het uit 4 weke waarna onderskeidelik een of twee skrikkeldae gevolg het waarna die nuwe maand en week begin het met die sigbare nuwemaan. Hierdie weke was uitsluitlik aan die kwartiere van die maan verbonde terwyl die Chaldeërs se geloof hoofsaaklik op die mitologie van die planete/sterre ingestel was.

Die drang na sterrevoorspelling en gepaardgaande mitologie was dus die dryfkrag agter ‘n nuwe kalender wat by ‘n vasgestelde en voorspelbare week en jaar kon inpas. Dit is dan ook in die tyd van die Chaldeërs dat die maankalenders al hoe meer op die agtergrond geskuif is ten gunste van meer voorspelbare sonkalenders.

Wat tot vandag toe behoue gebly het is die huidige indeling van 60 minute per uur, asook die 24 uur per dag, die name en volgorde van die week en die ononderbroke siklus van sewedae-weke. Alles elemente van die kalender wat die Chaldeërs ontwikkel het.

Die kalenders wat volgens die maan gefunksioneer het, kon nie daarin slaag om die verandering te oorleef wat die Chaldeërs begin en deurgevoer het nie. Die maankalender, met die vernuwing van sy weke by elke Nuwemaan, het gebots met die Chaldeërse Orde van 'n ononderbroke sewedag-weeksiklus en het derhalwe verdwyn ter wille van 'n kalender wat die mitologie ondersteun.

5. **Die Henog-Kalender.**
   Dolph Buhrman verduidelik die werking van 'n weergawe van die kalender wat deur Henog beskryf is. Weens jaarlikse skrikkeldae in die Henogkalender wat die onderhouding van die ononderbroke sewedagsiklus bemoeilik, word 'n bykomende week elke 5 of 6 jaar voorgestel wat sal verseker dat die sewedagsiklus nie onderbreek word nie. Volgens hierdie aanbieding speel die maan nie 'n rol in die Bybelkalender nie.

6. **Skriftuurlike begronding van Saterdag as rusdag.**
   Dr. Ernie Rex het hierdie aanbieding behartig. As NG-predikant het hy nog altyd die advent verwag en verander vanaf 'n tradisionele 1ste dag van die week adventis na 'n 7de-dag-van-die-week adventis. Hy maak baie van geskiedkundige-bronne gebruik ter verduideliking waar die Eerste dag van die week/Sondagsabbat vandaan kom waardeur die sabbat van Saterdag na Sondag verskuif is.

7. **Skriftuurlike begronding van Sondag as rusdag.**
   Dr. Gideon Grobler het die 'eerste dag van die week sabbat' verduidelik en veral 'eerste-dag-van-die-week sabbatte' vanuit die Ou Testament aangehaal as basis vir die huidige Sondag as 'Eerste-dag-van-die-week sabbat' wat heenwys na die opstandingsdag van Christus.

8. **Die kalender volgens Gen.1:14-18.**
   Flip Swanepoel het die kalender volgens die skeppingsverhaal aangebied en die rol van die son en maan verduidelik m.b.t. dae, jare en vaste tye. Vaste tye verwys na al die feestye waarvan die sabbat die vernaamste is. Dit kom daarop neer dat die Skrifgefundeerde sabbat m.b.v. beide die son en maan uitgeken moet word. Dit is egter nie die geval met die huidig erkende Saterdag- en Sondagsabbatte nie.

   Die vraag wat mens jouself moet afvra is waarom ons kersdag en nuwejaarsdag en ons verjaarsdae se datums sonder versuim kan opnoem, maar as jy gevra word wat Goeie Vrydag en Hemelvaart se datums is, weet jy nie en sê dit wissel jaarliks. Dit getuig van 'n ander kalender, wat die kalender is waarvolgens Christus die Pasga laat berei het en die dag is waarop Hy gedood is. Hy is op die eerste volmaan [sabbat (Joh.19:31, Mat.26:2)] na die Maart ewening gekruisig wat beteken dat hy, ten spyte van die amptelike Judaïstiese kalender [Saterdagsabbat met 'n ononderbroke sewedagsiklus] wat ten tye van Sy lewe aan die orde was, nogtans volgens die Genesis/Exodus kalender die Pasga herdenk het. Hierdie

kalender se sabbatte sinkroniseer met die sigbare kwartiere van die maan sedert die sigbare nuwemaan en is 7 dae uit mekaar, en sluit aan by die spesifikasie in Gen.1:14, nl. dat die son en maan *sigbare* tekens moet wees vir dae, jare en vaste tye.

Wat sake egter bemoeilik is dat daar ten tye van Sy lewe drie kalenders in Jerusalem van krag was, nl. Die statutêre Judaïstiese wat na aan 45 vM ingestel is deur koning Herodus I; die Romeinse wat 46 vM ingestel is deur keiser Augustus en die Genesis/Exodus-kalender wat bestaan sedert die skepping en wetlik van krag geword het tydens die Exodus.

9. Die Van Riebeeck Gelofte – Opsomming van voordrag.

JHWH (onse HERE) het die volk van Israel gevestig vanuit 'n ellendige omstandigheid van slawestatus tot soewereine volk. Dit het HY gedoen sodat die volk SY soewereine almag en SY goedertierenheid sal besef. HY het hulle as SY uitverkore volk verhef deur met hul Verbonde te sluit. JHWH (onse HERE) het hieruit verwag dat die volk as liefdesteken die Verbonde sal eerbiedig en dus dan SY Gebooie en Insettinge sal gehoorsaam en onderhou en so voor die nasies SY lof sal verkondig. Die status van uitverkorenheid het dan verantwoordelikheid meegebring sodat JHWH (onse HERE) van SY volk sou rekenskap eis, met die belofte van seëninge of tugtiging wat hiermee gepaard sou gaan.

Die volk se ontrou het egter meegebring dat JHWH (onse HERE) SY verbintenis met hul opgeskort het en hul oor die nasies verstrooi het. Tog het HY bekend gemaak dat HY SY volk gaan herstel deur hul onder 'n Nuwe Verbond vanuit die nasies bymekaar te roep en die vervalle hut van Dawid weer gaan oprig. Dit, het HY gesê, "doen EK nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van MY heilige NAAM". Vooruit maak JHWH (onse HERE) dan bekend deur SY profete, op welke wyse die volk onder die Nuwe Verbond byeen gebring sal word, nl.: JHWH (onse HERE) sal 'n MAN stuur in WIE die Nuwe Verbond gesetel sal wees. JHWH (onse HERE) noem HOM "MY KNEG DAWID".

HY maak ook bekend hoe HY SY nuwe Verbondsvolk vanuit die nasies sal onttrek en as nuwe volk sal versamel. HY sal hul vang deur vissers (Apostoliese verkondiging van die Evangelie van CHRISTUS) en daarna deur baie jagters wat hul sal opjaag van elke berg, elke heuwel en uit die klipskeure (vervolging). Hierdie "opgejaagdes" sal versamel word as 'n Teokraties-volkshuishouding want so het JHWH (onse HERE) bekend gemaak, nl. "So sal hulle dan vir MY 'n volk wees en EK sal vir hulle 'n GOD wees. En MY KNEG DAWID sal KONING oor hulle wees, en hulle sal in MY verordeninge wandel en MY Insettinge onderhou en daarna handel ('n aardse samelewings-ordening geskoei op die WOORD).

So 'n kollektiewe gemeenskap het ontstaan aan die Suidpunt van Afrika met die landing van Jan van Riebeeck op 6 April 1652. Die NAAM van JHWH (onse HERE) is oor die nuwe nedersetting uitgeroep toe van Riebeeck, met die voet aan wal, tot JHWH (onse HERE) gebid het om die onderneming te seën en hul volle afhanklikheid van SY goedertierenheid bely het. Twee jaar daarna het hy 'n Gelofte afgelê dat die seëninge van JHWH (onse HERE) tot in die verste geslagte elke jaar op 6 April in herinnering geroep sal word as 'n dag van danksegging. Vanuit hierdie volksplanting het die Afrikaner-Boerevolk ontwikkel as GOD-vresende volk waarvan die vaders verskeie Verbonde (Geloftes) met JHWH (onse HERE) aangegaan het.

Hierdie nuwe volk sou egter ook weer JHWH (onse HERE) se weë verlaat. Hul sou hul Geloftes vergeet. Hul sou hul afhanklikheid van die goedertierenheid van JHWH (onse HERE) vergeet en hulself verhef in volkstrots (afgodies) en skandelik bekend word vir broedertwis en eiesinnigheid (afgodies). Tog sal JHWH (onse HERE) terwille van SY grote NAAM hierdie volk nie vergeet nie en SY Vingerwysings kan nagespeur word op die SHEMITAH (sewendejaar-Sabatte). Hiervolgens vind die profesie in Sefanja 3 van toepassing waarvolgens JHWH (onse HERE) sal handel met SY verstrooide gemeente (versamelde vlugtelinge) oorkant die riviere van Kus (Suide van Afrika).

JHWH (onse HERE) sal hierdie volksgemeente verneder tot 'n weglaatbare nietigheid sodat hul by HOM alleen sal skuiling soek (soos wat tans besig is om met die Afrikaner-Boerevolk te gebeur). Daarna sal HY hul lot voor hul oë verander sodat hul voortaan SY lof sal verkondig (as volkshuishouding met CHRISTUS -"DAWID"-
as KONING). Die volgende SHEMITAH is in 2021/22. Mag ons volk in dié periode, tot dan, geseën word met wysheid en bekering terwyl ons die dag van genadige vrymaking afwag.